

# Representasie as tekstuele ideologie in 'n *Ander Land* van Karel Schoeman: Lees as dissent

Marianne de Jong

## Opsomming

Lees as dissent hang saam met die verskynsel dat fiksie berus op betekeniskeppende meganismes. Hierdie meganismes kan met behulp van dekonstruksie beskryf word as enige formule wat geslote betekenis in die teks skep. In 'n *Ander Land* word die volgende meganismes ontleed: 'n historiese plek en tyd (Bloemfontein); die landskap wat waargeneem en ervaar word; die implisiete vertellerstem; die fokalisasie; subjektiewe ervaring as eintlike fokalisasie van die vertelling. Daar word aangetoon dat "fiksie" nie die keerkant van tekstualisering is nie, maar dat fiksie en tekstualiseringsmeganismes twee verskillende leeswyses aan die gang sit waarby die een leeswyse die ander een onderdruk. As gevolg daarvan lees die leser van 'n *Ander Land* saam met die verhaal ook dat die blanke ervaring van Afrika net as blanke ervaring oortel kan word. Hy lees onbewustelik dat subjektiewe ervaring noodwendig die "andersheid" van die "Ander" uitsluit om subjektiewe ervaring te kan wees. Daarom kan 'n *Ander Land* gelees word as stelling oor die geldigheid van geslote subjektiwiteit as sodanig. Die dekonstruksie van tekstualiseringsmeganismes maak so 'n afleiding moontlik. Elke fiktiewe betekenseenheid word ontleed om sy metaforiese aard aan te dui. As subjektiwiteit en die ervaring van die "ander land" metafore van betekenseenheid is, dan is hulle terselfertyd ideologies omdat hulle probeer om bepaalde illusionêre betekense in stand te hou. In hierdie sin is die representasie van die "ander land" d.m.v. die subjektiewe ervaring van Versluis ideologies. As fiksie sy eie geïdeologiseerdheid nie kan ontwyk of ontken nie, dan regverdig dit 'n dissidentiewe lees deur lesers wat bewus is van valse betekenskeppings in heersende sosiopolitiese omstandighede.

## Summary

Reading as dissent refers to the literary phenomenon that fiction is dependent on meaning productive mechanisms. These mechanisms can be described more closely with reference to deconstructive procedures: they are those textual formulae which produce autonomous units of meaning in a text. The following meaning units in 'n *Ander Land* are being scrutinized: a historical time and place (Bloemfontein); the observation and experience of landscape; the implicit narrative voice; focalisation; subjective experience as the actual medium of textual focalisation. Fiction is not simply the other side of textual meaning productive mechanics or textualisation, but works in alliance with textual mechanisms to create a double reading practice in which one reading is suppressed to allow for the other. Therefore the reader can interpret 'n *Ander Land* as stating that the white experience of Africa can only be relayed in the form and by means of white experience itself. Following not the fiction, but fiction's dependence on textual mechanisms he may read that subjective experience has to exclude the "otherness" of the "Other" in order to come across as natural. This allows for a reading of 'n *Ander Land* as justification of subjectivity as such. This can be proved with reference to the deconstruction of textual mechanisms. Each fictive unit of meaning proves to be a metaphor which technically implies closed and natural meaning. However, if subjectivity and the experience of the "ander land" are meaning productive metaphors, then they can also be termed ideological since they aim at maintaining illusionary meaning. In this sense the representation of the "ander land" by means of Versluis' subjective experience can be termed ideological. Finally, if fiction can neither avoid nor deny its own ideologisation, then the place is cleared for dissentative

reading since the latter expresses a sensitivity for illusionary meaning creation in the present socio-political situation.

Die blanke ervaring van Afrika kan net as blanke ervaring weergegee word. Met hierdie oënskynde vanselfsprekendheid kan 'n *Ander Land* (Schoeman, 1984)<sup>1</sup> as skryfprose saamgevat word. Hierdie vanselfsprekendheid dui inderwaarheid die tipiese soort paradoks aan wat dekonstruktiviste se aandag sal trek. Dekonstruktivisties beskou, behels die paradoks die volgende: die begrip "ervaring" as volkome subjektiewe en persoonlike, selfs intuïtiewe gegewe word uitgekanselleer deur die kwalifikasie "blank". "Blank" beteken dat "ervaring" voorafgekodeer is en dus 'n "teks" is en nie subjektief nie. Die begrippe "blank" en "ervaring" kan nie skadeloos naas mekaar bestaan en mekaar vervang sonder verlies van identiteit nie. Terselfdertyd is "ervaring" sonder so 'n verteksing deur "blank" onmoontlik. Soos Derrida in sy Husserl-ontleding aangetoon het (Derrida, 1979): wie oor ervaring praat, verwys na iets wat altyd alreeds vertaal is – tot insident, navertelbaarheid, interpreteerbaarheid, ens. Derridaans gelees, is die term "blank" voorts nie sinvol sonder sy opposisie "swart" nie, net soos "ervaring" die afwesigheid van ervaring logies veronderstel hoewel 'n afwesige ervaring ondenkbaar is. 'n Begrip soos "blanke ervaring" dra egter net betekenis oor in die mate waarin dit sy ondergrondse verbintenis met "swart" (ervaring) uitsluit in die bepaalde konteks waarin dit verskyn. So 'n uitsluiting is meestal onbespeurbaar: die blote gebruik van "blanke ervaring" het outomaties so 'n uitsluitende effek omdat dit impliseer dat daar iets soos 'n geslote, self-identiese "blanke ervaring" bestaan.

'n Geslote ervaring wat by herhaling na homself kan verwys, homself kan benoem en kan interpreteer soos "blanke ervaring" is in dekonstruktivistiese terme 'n metafisiese formule. So 'n formule waarborg op die oog af 'n vaste identiteit of waarheid terwyl dit by verdere, dekonstruerende ontleding juis dié gepostuleerde identiteit of waarheid ophef. As blanke ervaring net as blanke ervaring weergegee kan word, dan is ervaring letterlik slegs 'n weergawe, 'n verslag, 'n model of 'n blote fiksie.

Hierdie teenstrydigheid is in 'n *Ander Land* aanwysbaar. Die mees private, nl. die dood en die afwagting en verwerking daarvan, word deur middel van die fiktiewe teks juis die mees publieke. Versluit se afwysende reaksie op Bloemfontein en sy groter en kleiner kultuurvorme is individualisties. Dit word egter deur middel van die teks die mees veralgemeenbare. 'n Wesenlik eksistensiële en onherhaalbare ervaring, nl. die aanvaarding van die dood as aanvaarding van die lewe, word 'n metafoor van vervreemding en van versoening met Afrika as gevolg van vervreemding. Versluit se ervaring is die fokalisasiepunt van die teks. Dat dit 'n blanke ervaring is, word nie deur die teks eksplisiteit gemaak nie, maar dit is bykans oorbeklemtoon daarin aanwesig. Versluit is Nederlander. Hy neem Afrika en die inheemse inwoners subjektief en van buite af waar. Sy vreemdelingskap en die hoë *bourgeoisie* wat hy in Delft agterlaat, definieer mekaar. Sy uiteindelijke toe-eiening van die vreemde vind plaas deur ander blankes wat die essensiële vervreemding met hom deel, nl. die Schefflers.

Die “blankheid” van die ervaring is egter veral geleë in die middele waarmee Versluis se subjektiwiteit as sodanig verteks word. Dié middele sluit in: die individuele houding as filter van die eksterne omgewing; ervaring en interpretasie as semiotiek van hierdie individualiteit; ervaring as eksistensiële ervaring; waarneming as subjektiewe verwerking, bv. landskapwaarneming; eensaamheid, estetiese enkelingskap en romantiese nostalgiese tematiserings van die subjek en, ten slotte, dié tematisering van die subjek self as kern van die hele verteksing – ’n verteksing met fiktiewe aansprake. ’n *Ander Land* handel oor Versluis se ervaring van ’n “ander land”.

Om krities na bostaande as “(tipies) blank” te verwys, mag lyk op ’n naïewe reduksie en romantiese heimwee na die groot nie-blanke “ander” aan die kant van die kritikus. So ’n kritiek sou hom wél op Marxistiese, ideologiekritiese argumentasie kon beroep. Volgens die ideologiekritiese konvensie is subjektiwiteit – die finale grond van die denke en die ervaring – ’n skepping van humanistiese denkwyses wat per definisie die sosiopolitiese werklikheid uitsluit. Vir Marx is dié werklikheid juis die oergrond van die sogenaamde subjek. Versluis se ekologiese vreemdelingskap sou op dié wyse ideologiekrities ontleed kon word. ’n Meer moderne ideologiekritiese ontleding sou daarby ’n teenstrydigheid in die tekstualisering kon aantoon. ’n *Ander Land* ontwerp ’n kritiese perspektief op blanke vervreemding en op ’n nostalgiese tussenbestaan van blankheid in Afrika, maar vir sy kritiese ontwerp gebruik die teks juis die ideologie van geslote, on-dialektiese subjektiwiteit en individualiteit.<sup>2</sup> Kritiek op blanke en Europese geslotenheid in Afrika is opmerklik in die ironiese verteksing van die Bloemfonteinse klein *bourgeois* by wie Versluis hom nooit volkome geborge voel nie. Dit blyk ook uit Versluis se eie afgetrokkenheid jeens Afrika enersyds, en die nostalgiese na Europa andersyds. Versluis se tussenbestaan in ’n historiese Bloemfontein wat in heelwat opsigte die tipiese van die huidige Suid-Afrika konnoteer, is leesbaar as perspektief vanuit die verlede op ’n Suid-Afrikaanse toekoms. Die Schefflers verduidelik die terme waarin ’n ontheemde persoon, blootgestel aan die land en sonder escapistiese geleenthede ten opsigte van welvaart of persoonlike geluk, “Afrika” kan beleef. Op hierdie byna allegoriese vlak spel Versluis, die Bloemfonteiners en die Schefflers in Bloemfontein, ’n polities relevante ironie uit: as die blanke destyds in Bloemfontein post-pionier was, dan is hy vandag ’n mislukte sendeling en dan mag hy in die toekoms heimatloos word.

Soos hierbo aangedui, berus hierdie interpretasiemoontlikheid met sy ideologiekritiese implikasies self op ’n ideologie, nl. die eenmaligheid, individualiteit en selfaangewesenheid van die enkeling. Hierdie ideologie blyk in die rol van Versluis.

Terwyl eersgenoemde ideologiekritiese benadering die literêre teks as representasie en “dokument” van werklike sosiokulturele houdings benader, benader laasgenoemde ideologiekritiek dit as semi-outonome proses. Terwyl die literêre skryfproses self onafhanklike status het, is dit struktureel verbonde met alle ander soortgelyke outonome prosesse deur die feit dat dit ’n produksieproses is (nl. van literêre, fiktiewe betekenis) met bepaalde produksievoorwaardes (bestaande kodes vir betekenis en vir die sluiting van betekenaar en betekende). Dié afhanklikheid blyk nie uit ’n direkte herhaling van

sulke sosiaal-ideologiese gegewens nie, maar uit die wyse waarop die literêre sekere onsigbare maar algemeen werksame formules vir betekeniseenheid op 'n *ander vlak* as die maatskaplike herhaal. Formules vir subjektiwiteit, geslotenheid en selfrefleksiwiteit en ideologiese gelaaide waardes soos ontwikkeling, emansipasie, rasse-egtheid, ens. blyk uit die taalgebruik, uit metaforiek of uit ander tekstualiseringsmeganismes.

Volgens die Franse psigosemiotiese kritiek van die laat-sewentigerjare wat nie Marxisties-ideologiesekrities te werk gaan nie, blyk tekstuele ideologie uit kodering en intertekstualiteit. Die skryfproses vind òf binne bestaande betekeniskodes plaas sodat dit diskursief en diskoersbevestigend verloop, òf dit verbreek diskursiewe ordes, bestaande betekenis en betekenisgrammatikas oor die algemeen. In dié geval is die skryfproses semioties-libidinaal.

'n *Ander Land* bevind hom ooglopel binne bestaande kodes en het 'n diskursiewe skrywende subjek. Dit is daarom, volgens die psigosemiotiek, as literatuur die teenoorgestelde van subversief (Kristeva, 1978).

Terwyl die psigosemiotiek behoudendheid en subversiwiteit op die vlak van literêre kodering ontleed, berus die ideologiesekritiese benaderings in die laaste instansie op die *veronderstelling, inherent aan die metode en sy onderliggende filosofie*, dat die skryfproses dialekties met die sosiokulturele omgewing verknop is.

Die formule "blanke ervaring is net as blanke ervaring herhaalbaar" beskryf 'n ideologiese en 'n dekonstruktivistiese teenstrydigheid. As fiksie is 'n *Ander Land* soos baie ander voorbeelde van geslote fiksies afhanklik van 'n *metafoor van skryf*, 'n meganisme wat vir die duur en doel van die skryfproses die dekonstruerende aard van fiktiewe skryf sal oorwin deurdat dit die fundamentele leegheid van die woord omsit in 'n *skema* (en dus nie die waarheid nie) vir betekenis. In 'n *Ander Land* is dié skema: ervaring as fokalisasie en dié fokalisasie as skyneenheid van skrywer, implisiete outeur, en die ek-figuur deur wie die fokalisasie hoofsaaklik plaasvind. Dis 'n diskursiewe metafoor: omdat betekenis geheel en al gekodeer is, word die indruk van 'n geheel en al outonome, ekstradialektiese spreekinstansie geskep. Die spreker is egter des te meer 'n rol en 'n kode omdat sy uitings die gangbare kodes volg. In 'n gewone uiting kan die diskursiewe sprekerrol afgelei word van die betekenis wat oorgedra word. Wanneer 'n spreker op 'n verhoog of in 'n gesprek na Afrika as oord van blanke ontheemding sou verwys, sou gevra kon word wie hy is, wat sy ras, beroep of geslag is, met wie en by watter geleentheid hy praat – die sosiale, politiese of kulturele grammatikas wat sy uiting in dié konteks sinvol maak, kan vasgestel word. In die literêre en fiktiewe uiting onthul die tekstualiseringsproses 'n diskursiewe sprekerrol. Laasgenoemde is by elke tekstualiseringsmoment die formule waardeur 'n illusionêre fiktiewe of literêr-taalmatige betekeniseenheid ontstaan – in 'n *Ander Land* die "ander land" as ervaring van Versluis.

Dit is die "ideologiesekritiese" hoek waaruit 'n *Ander Land* hier bekyk word. Die woord "ideologiesekritiek" word net as aanhaling gebruik omdat die benadering wat hier gevolg word juis nie van 'n bepaalde maatskaplike universaliteit uitgaan nie. Dit, nie omdat so 'n metode hier gekritiseer word nie, maar om 'n ander vraag te beantwoord, naamlik: waarom lok 'n boek soos 'n

*Ander Land* nou (en nie noodwendig later nie) by sekere lesers en groepe (en nie noodwendig by almal nie) 'n reaksie van verwerping uit? Waarom is 'n *Ander Land* vir sekere lesers, op hierdie moment en in hierdie land byna aanstootlik?

Die benadering berus allereers op 'n verwerping van die fiktiewe aanbod en 'n deurskouing van die fiktiewiteit daarvan. Deurskouing is 'n spontane reaksie wat van leser tot leser mag verskil. Vir sekere lesers nou en hier dekonstrueer 'n *Ander Land* homself. Die reaksie word dus op die vlak van 'n spontane en intuïtiewe reaksie gestel. Dié reaksie berus nie op 'n soort eenheid tussen teks en leser en vra nie die teks om hom te motiveer nie omdat dit die teks juis nie aanvaar soos hy homself aanbied nie. Daarmee tematiseer die reaksie by implikasie homself en sy onuitgesproke motiewe. Dit tematiseer homself as sosiopolitiese gesitueerdheid. Dit verwerp die aanspraak wat die fiksie maak op teksgeoriënteerde lees en op 'n hermeneutiese instelling van ontsluiting van die tekstuele geheimekluis. Dit is 'n reaksie omdat dit nie 'n teenwaarheid het waarmee die teks gekritiseer kan word nie.

Die betiteling "lees as dissent" kan soos volg gemotiveer word: dit wat aan fiktiewiteit en tekstualisering in die vorm van 'n boek irriteer, is die mag van metafisiese formules om skynwaarhede te skep. Literêre skynwaarheid is literatuur wat op 'n diskursiewe struktuur berus. Die dissident protesteer teen strukture waaraan hy self onderworpe is, selfs vir sy protes teen skynwaarheid. Hy is bewus van die ironie van meningsuiting en betekenisformulering in 'n gemeenskap waarin die gekodeerdheid van betekenis ontmasker is.

Die teoretiese uitgangspunt van die ontleding is dat representasie self 'n fiksie is. Foucault se "argeologiese" ontleding van representasie as historiese fenomeen dui aan dat die aanspraak op taalmatige representatiewiteit self op die tekenwaarde van woorde berus. Die aanspraak op representatiewiteit beskryf die dieper aanspraak dáárop dat die waarheid uit die juiste ordening van tekens afgelei kan word. Hierdie aanspraak kan egter nie na die teken self herlei word nie. Dit verwys eerder na histories-kulturele ontwikkelings van die denke (Foucault, 1971: 91-97, 292-299). Word die teken nie in terme van hierdie betekenis- en waarheidsaanspraak nie, maar in terme van die proses waarbinne hy ontstaan ontleed, blyk dit dat hy steeds na ander gekodeerde tekens (kodes) herlei kan word, wat op hul beurt soortgelyk verder, intertekstueel verwys. Soos Barthes se ontleding van *Sarrasine* (Barthes, 1974) demonstreer, kom betekenis tot stand deur 'n prosessualiteit van kodes wat hulself en mekaar herkodeer.

'n Soortgelyke prosessualiteit kan in 'n *Ander Land* aangewys word. Landskapbeskrywing kodeer nie ruimte nie, maar subjektiewiteit as waarneming en bepeinsing; Bloemfontein kodeer ruimte, Suid-Afrika, die kultuurtipiese asook die verlede of die geskiedenis, ens. In alle gevalle van wedersydse kodering hef die een kode die ander ongesiens op: die (Suid-Afrikaanse) verlede kan nie deur Bloemfontein "verteenvoordig" word tensy oor ander kodes nie. Die verlede moet eers vertaal word tot Suid-Afrikaanse ruimte, tot 'n herhaalbare en vertelbare gebeure – soos in die werklikheid. Die verlede moet ook vertaalbaar wees tot representasie van historiese feitlikheid. Eers dan kan Bloemfontein tekstueel sy fiktiewe aansprake vervul. Ten opsigte

van subjektiwiteit, Versluis en Afrika as “ander land” is die vertaling reeds aangedui. Eers as “ander land” kom Afrika ter sprake, en dan ook eers oor subjektiwiteit, gekodeer as waarneming, bepeinsing, of, breedweg, ervaring.

Dékonstruksie kan aantoon dat hierdie wisselwerking teoreties in taal tot in die oneindige volgehou kan word en dat momente waar een betekenis die oorwig kry nie berus op die inherente logika van betekenis nie, maar op hiërargie en onderdrukking van konnotasies. Dat vaste betekenseenhede ontleed kan word om so ’n hiërargies-onderdrukkende formule aan te toon, kan afgelei word uit die werk van Paul de Man.

Die metafoor, maar in werklikheid alle betekeniskeppende en teken-sintetiserende figure of taalkonvensies het so ’n struktuur (De Man, 1979a: 57-78). Die onleesbaarheid van literatuur wat, uit die omgekeerde hoek, juis sy herhaaldelike of blywende leesbaarheid is, berus hierop (De Man, 1979a: 77). Die formaliteit van taal maak enige betekeniskepping moontlik terwyl dit, weens sy formaliteit, geen “intensie” of subjektiwiteit agter die taagebruik kan uitdruk nie. Terwyl die semiotiese en dekonstruktivistiese anti-interpretasies deur figure soos Barthes en Derrida die teken onttoon ten gunste van prosessualiteit of *écriture* verskyn dieselfde post-Saussuriaanse ontdekking by De Man as die formaliteit (retorika, figuraliteit) van taagebruik. Toegepas op ’n *Ander Land* sou gesê kon word dat juis die leegheid van terme soos “Bloemfontein”, “heimwee”, “land” of “dood” (tuberkulose, Th. Mann se “Zauberberg”, ens.) kan verduidelik waarom hierdie terme, sodra hulle op hul fiktiewe gesigwaarde beoordeel word, ’n metafisiese, betekenis-sintetiserende formule bevat. Na aanleiding van die werk van De Man sou dié metafisiserende formule vir eers onpresies beskryf kon word as die strewe van die spreker (intensie) om een te word met sy woorde (uiting), van ’n visie om beeld te word, van ’n waarheid om ’n finale, openbarende formulering te vind, vir die een mens om die ander volkome te ken in terme van homself (intersubjektiwiteit).

Sodra so ’n sprong gemaak word, ontstaan, soos ’n Derrideaanse lees sou beklemtoon, nie die gesogte eenheid nie, maar ’n ander teks, te wete byvoorbeeld ’n metafoor. Die metafoor en liefdesliriek waarin die geliefde direk aangespreek of besing word, is bekende voorbeelde van sulke spronge. Tekste wat hulleself aanbied vir lees in die modus van *écriture* sou kon demonstreer in hoe ’n mate ’n skryfproses kan speel met die herhaalde skep van ’n onreguleerbare verskeidenheid van sulke tekste – liries, poëties, matematis, dagboeknotering, beskrywing. Die afwisselings demonstreer ten slotte net in hoe ’n mate betekenseenhede tekstualisering is, en tekstualisering uitruilbaarheid.

Om ’n *Ander Land* as teks te beskryf, beteken dan in hierdie konteks om die spel tussen Bloemfontein, Afrika, ’n ander land en die self of die spel tussen universele waarheid en die mees persoonlike ervaring as ’n *uitspel* en bedekte *uitspel* van so ’n metafisiserende formule te lees.

Wat die leeswyse in onderstaande probeer nagaan, is egter nie ’n verskuilde humanistiese subjek agter die tekstualisering nie. Dit is eerder die wyse waarop ’n formule vir eenheid van taal en intensie (subjek) as funksie of effek aangetoon kan word by al die momente in die tekstualisering waar betekenis-

eenheid tot stand moet kom. Die metaforiek van die “ander land” is met ander woorde hierdie formule. Ter bevestiging van so ’n benadering kan ’n mens daarop wys dat dit juis op hierdie punt is dat ’n libidinale fonosentrisme soos onder andere deur Deleuze toegepas, die “endless regression” van Derrideaanse en Yale-dekonstruksie vervang (Deleuze, 1977).

Lees as dissent berus nie op ’n dekonstruktivistiese spel of ’n ideologiekritiese aksioma nie. Dit ontstaan bloot by die punt waar die illusionerende aard van taal herken word. Die leeswyse tematiseer dan ’n *sosiale bewussyn* wat skepties geword het oor die gemak waarmee sulke fiksies van mindere of meerdere universele aanspraak in die betekenisekonomiese werklikheid produseerbaar is. So ’n leeswyse is uiteindelik ’n vorm van private protes wat geen revolusie kan steun nie en nie eens ’n versetsbeweging kan vertaal nie. Vandaar die term “dissent”. Dit verwerp egter baie duidelik enige illusies oor teks-leser-eenheid, oor die teks as basis van interpretasie en oor interpretasie as kommentaar op wat ’n boek dan sou wees. Om die tekstualisering deur die fiktiewe aanbod te lees, beteken dan om in terme van ’n breuk tussen fiktief gekonstrueerde betekenis en die eie gesitueerdheid te lees.

Die metode agter die lees van ’n *Ander Land* word nog ’n keer saamgevat. Die metode beweer die volgende: (i) fiktiewe betekenis kan soos ’n *ideologie* opgebou word; (ii) hierdie betekenisopbou is ’n *tekstualiseringsmeganisme* – dit verwys dus nie *direk* na bepaalde maatskaplike, politiese of kulturele ideologieë nie, maar eerder na die struktuur waarin sulke ideologieë ontstaan en waardeur hulle in stand gehou word; (iii) die tekstmeganismes is *subjektief en dus ook sosiaal gelaai* – hulle is die praktyk van ’n intensionele en sosiale subjek van die skryfproses; (iv) hierdie subjektiwiteit (dit postuleer nie ’n humanistiese, selfrefleksiewe subjek nie) is sigbaar in die *metafisiserende formules* wat oral in die teks vasgestel kan word waar eenheid van betekenis gesuggereer word.

Die leeswyse konsentreer op die volgende betekenisintetiserende meganismes: politieke parodie en andersheid; Bloemfontein as historiese verwysing; die hooffiguur Versluis as kern van subjektiwiteit en ervaring; die gepostuleerde eenheid van eksplisiete of implisiete outeur met die fokalisasie, met ander woorde ’n konvensioneel strukturalistiese meganisme vir die skepping van betekenseenhede; die landskap as feit én skepping van subjektiewe belewenis.

Ideologie beteken dus in hierdie konteks om agter dié betekenis wat maatskaplike, diskursiewe en politieke betekenisekonomieë produseer die strukturele geraamtes te sien wat die betekenis dra en wat hulle hul aanspraak op waarheid en feitelikheid *ontneem*. Betekenis word ontmasker as konstrakte, geskep om bepaalde (mags-)redes. Dis kenmerkend van ’n effektiewe ideologie van dié aard dat dit sy eie gemaaktheid en afhanklikheid van die instansies wat hom dra, ontken. Dit is tweedens kenmerkend van ideologie met magsmotiewe dat dit feite en waarhede aanbied wat in werklikheid voorafinterpretasies van ’n saak is.

Die eerste vraag wat aan die tekstualisering van ’n *Ander Land* gestel kan word is: dit gaan om ’n vertelling van doodsbedreiging, heropstanding, weerstand teen die omgewing wat op sy beurt blyk is van die geslotenheid van die

hooffiguur, Versluis en dit gaan ten slotte om 'n konfrontasie met die feit van die dood. Die aanvaarding van dié feit is 'n versoening met die omgewing en met eindigheid oor die algemeen. Aanvaarding kry 'n eksistensiële allure insoverre die toeval van Versluis se situasie, die kompromis met die vreemde en soms aanstootlike omgewing die uiteindelijke vorme van vervulling is. Vreemdheid – as kern van Versluis se ervaring – is ook die kern van die semiotiek van dood en aanvaarding. Die vraag is: waarom speel dié verhaal in Bloemfontein af?

Waarom is die Suid-Afrikaanse die koderings- en tekstualiseringsmodus van Versluis? Dat die Suid-Afrikaanse met Bloemfontein ingekodeer word, is eerstens met die topografiese verwysing gegee. In die lig daarvan word die manier waarop welbedeelde mense hulle kulturele identiteit uitleef in terme van welsyn en welwillendheid (die Hirsch-gesin) 'n mikro-Suid-Afrikaanse model. Ook mikro-Suid-Afrikaans is die kleindorpse betrokkenheid by skinderstories, vryasies en by die eie verlede as vertoonstuk en identifikasievorm. Mev. van der Vliet maak, as gasvrou Versluis, van haar huis 'n soort volksmoeder-sentrum van beheeruitoefening. “Bloemfontein” inisieer leesmoontlikhede: is dié parodie bedoel? Word hier bewustelik 'n panorama van kulturele veiligheid opgestel? Laasgenoemde is leesbaar uit die gesprekke tydens die Duitse fees of ook tydens die huweliksfees. Daardeur en deur al die gesprekke en berigte van waarnemings van Versluis ontwikkel 'n ontwerp van Suid-Afrikaansheid in so 'n mate dat politieke gesprekke as tekens van 'n gevestigde politiek gelees kan word. Uit die perspektief van die Suid-Afrikaanse hede werk dit ironies. Dit herinner aan die ironiese illusie omtrent 'n “geliefde land” wat Schoeman elders getematiseer het. Daarby word die spanning tussen 'n nog nabye verlede van Europa en 'n Afrika waarin, in 'n *Ander Land*, Suid-Afrika nog *nie* 'n begrip is nie, deurgaans uitgespel.

Bloemfontein is egter volgens die tekstualisering veral die plek waar Versluis vreemdheid as eksistensiële wet en daarmee saam die dood aanvaar. Bloemfontein vertaal dus dié “ander land”, maar op dubbelsinnige wyse: die “ander land” van hoogs subjektiewe lewensinsig en algehele ontheemding as mens is ook die “donker kontinent” Afrika waarin nedersetting oënskynlik nooit die lot ontsnap om altyd bloot nedersetting te bly nie. Europa en Afrika is uit pas in Bloemfontein. Die tekstualisering speel skynbaar met 'n dubbele interpretasiemoontlikheid: menslike vreemd-wees in die wêreld en die vreemdheid van die blanke in Afrika. Vir beide geld berusting en nostalgie as die enigste uiteindelik sinvolle bestaansmodi.

Hierdie interpretasiemoontlikhede, wat inhou dat 'n *Ander Land* soms byna allegories gelees kan word, is 'n voorbeeld van die soort betekenis-eenhede in tekste wat, soos metafore, hermeneutiese insig uitlok en belowe. Dit kan egter net so gelees word as Bloemfontein, Versluis en die geskiedenis as vaste identiteite gelees word. In die teks blyk hulle egter mekaar se wedersydse kodering, omkodering en verteksing te wees. Wat dan opval, is dat Bloemfontein dien om Afrika as merendeels ongedefinieerde gebied van kulturele en ekonomiese selfhandhawing te vertaal, as “andersheid” wat nooit oorbrug kan word en waarin oorlewing en versoening, maar met die self en nie met Afrika nie, vereis word sodat, ten slotte, “Afrika” *via* Bloemfontein



tein die “ander land” is waarin ’n verhaal van lewensvervreemding en doods-versoening tekstueel moontlik word. Dié ervaring van “andersheid” word byvoorbeeld ook gedra deur Scheffler en sy gebrekkige en ingekluisterde suster. Afrika is die “ander land” Bloemfontein, wat, met “Afrika” by hom ingekodeer, vir Versluis die “ander land” verteenwoordig. In die teks verskyn die kontinent as alreeds gekodeer, te wete as andersheid en onoorbrugbaarheid. Terwyl Afrika op die agtergrond “vreemdheid” *verteenwoordig*, is sy vreemdheid ’n blote tekstualisering. Dis die kode waarin dit in die teks funksioneer. Insoverre as wat Afrika in ’n *Ander Land* optree, is dit as *pre-interpretasie*.

Dit is tipies vir die self-dekonstruerende natuur van fiktiewe kwasi-identiteite dat iets soos ’n vreemde kontinent net vreemd is insoverre as wat dié vreemdheid ’n buitestaander se vertaling van die “ander” is – ’n vertaling wat die vreemde kontinent in werklikheid leefbaar, assimileerbaar en bepeinsbaar maak *binne die wêreld van die nuweling en buitestaander sonder om hierdie wêreld te verander*. “Andersheid” is in hierdie verteksing ’n term waarmee die werklik andere in vertroude terme omgesit word sodat dit interpreteerbaar en hanteerbaar kan word.

Dat so ’n teksinterne vertalingsproses uiteindelik soos ’n metafoor sonder aanduibare oorsprong is en die vorm van ’n tekstualiseringsfiguur aanneem, kan verder nagegaan word aan die hand van Bloemfontein, Versluis en dié “ander land”. Dit is eers *via* Bloemfontein dat Versluis die eenselwigheid van ’n lid van die hoë *bourgeoisie* tekstualiseer. Deur Bloemfontein word Versluis leesbaar as die de-automatisering van kulturele gebondenheid en as toonbeeld van ’n sosiokulturele splitsing. Hierdie leef in twee wêreldes beklemtoon uiteindelik die individualiteit van die betrokke persoon. Van so ’n individualiteit word Versluis uiteindelik die prototipe. Daardeur word Bloemfontein die kern van ’n ironiese verbintenis tussen, enersyds, die (selektiewe) pogings tot aanpassing van ’n verfynde nuweling, en andersyds, die opheffing en ironisering van so ’n aanpassing deur die dood. Deur middel van Versluis volg die versoening met die dood ’n semiotiek van ontwigting en van die uitreik na geestelike verheldering en loutering. Bloemfontein as plek van die “ander land” en van vreemdheid, dien ten slotte hierdie semiologiese doel: die barre en ongebeerde werklikheid van die “ander land” is dié kode vir versoening en loutering. Die geografiese en kulturele “ander land” word dus getekstualiseer tot die “ander land” van die dood.

Die betekenis spel met die “ander land” is eweneens ’n metafoor wat in homself, hermeties verseël soos tipies van figuurlike taal, ’n uiteindelige versoening van kodes tot een geslote betekenis belowe.

’n Voorwaarde vir hierdie metafoor waardeur die topografiese, historiese en kulturele “ander land” die ander land van die dood kan word, is dat andersheid tegelyk aangedui én opgehef kan word deur ’n interpretasie. Andersheid is self hierdie interpretasie. So gelees, blyk Versluis se isolasie nie die gevolg van die land se vervreemdende effek te wees nie, maar ’n *voorwaarde* vir laasgenoemde.

Gelees volgens die tekstuele formaliteit tree die “ander” van die vreemde land – Bloemfontein, en *via* hom die groter kontinent – in die teks op as

vertaling sonder oerteks. Versluis se ervaringswêreld sou moontlik selfs so verklaar kan word: intuïtief weet die ervaring dat hy met vertalings sit en die grond en werklike wese nie kan ken nie. Hy moet berus in onvertaalbaarheid. Teenstrydig, en tipies vir die oorbrugging van die dekonstruktivistiese spoor, word onvertaalbaarheid dan self vertaal. Dié vertaling kenmerk Versluis as *locus* van ervaring. Dit kenmerk subjektiwiteit as kode van ervaring. Dit kenmerk egter ook die hele tekstualiseringsprocédé van 'n *Ander Land*. Die waarheid van die tekstualisering is dan 'n ander waarheid as dié van die fiktiewe aanbod. Eersgenoemde sê by implikasie dat die naamgee aan die vreemde in terme van die self daardie vreemdheid verder vervreem. Laasgenoemde eien die vreemde in die vorm van 'n naam toe en skep 'n metafoor – die belofte van betekenis en interpreteerbaarheid. Soos eersgenoemde die dekonstruerende aard van die formule “blanke ervaring is net as blanke ervaring herhaalbaar” uitdruk, druk laasgenoemde die oorbrugging en verdoeseling van hierdie ironie uit.

Op grond hiervan kan die volgende afgelei word ten opsigte van die skryfproses of dit wat hierbo as die “subjektiwiteit” van skryf bestempel is: (i) skryf maak gebruik van tekens asof dit outonome seggenskap oor die tekens het – dit maak gebruik van pre-interpretasie; (ii) dié interpretasies is egter altyd alreeds aanwesig – dit is wat Barthes die reeds-geskrewe genoem het; (iii) die outonomie van die skryfproses is dus teenstrydig – dit verbloem 'n wesentlike afhanklikheid en geposisioneerdeheid aan die kant van die pre-interpretierende instansie; (iv) fiksie blyk dan 'n daad van aggressie te wees waarin tekens vooraf met betekenis gevul word, as outonome gegewens in sirkulasie geplaas word, alles sodat 'n geslote betekenis en 'n interpreteerbaarheid gesuggereer kan word. Fiksie kwalifiseer leesbaarheid as interpreteerbaarheid, visie en ervaring (of ervaarbaarheid).

Aan die begin van hierdie afdeling is verwys na die moontlikhede van 'n politieke aktuele interpretasie van 'n *Ander Land* as 'n soort parodie en allegorie van 'n Suid-Afrikaanse, blanke situasie. Die voorwaarde vir so 'n omsetting in betekenis is egter dat die kode van die mens se eksistensiële isolasie saamgelees word. Bloemfontein in die fiksie en die huidige Suid-Afrika is verbindbaar in terme van so 'n eksistensiële paradoks: die mens se klein *habitus* is terselfdertyd sy enigste veilige oord én sy volkome blootstelling en uitgelewerdeheid. Die politiese relevansie berus volgens die tekstualisering op 'n sogenaamde “universele waarheid” wat, omdat dit algemeen-menslik en universeel intersubjektief is, die politiese as sosiokultureel gebonde problematiek oorstyg. Dis teenstrydig dat 'n bo-politiese beginsel dien om aktualiteite te tekstualiseer.

Hierdie – dekonstrueerbare – teenstrydigheid maak egter die fiktiewe aanbod en metaforiese belofte van betekenis en interpretasie moontlik. Soos in die vorige ontledings aangedui, berus dié aanbod egter ook op 'n pre-interpretasie en op die versweë *geloof* in interpreteerbaarheid.

By voorbaat kan die volgende kanttekening gemaak word: is dit nie kenmerkend van fiksie en is dit nie juis die prerogatief van die fiktiewe aanbod om die *reële sekuriteite* wat nodig is vir so 'n geloof uit homself (as boek) uit te sluit nie?

'n Volgende tekstualiserende metafoer is Bloemfontein se tekenwaarde as historiese, geografiese *faktum*. Bloemfontein tree in die verhaal op as so 'n historiese en geografiese feitelikheid en as kultuurhistoriese beskryfbaarheid. Hierdie skynidentiteit kenmerk byvoorbeeld die tekstualisering oral waar tydruimtelike gegewens die aanskyn van *period pieces* en *interieurs* kry – iets wat Schoeman se skryfwyse kenmerk. Bloemfontein funksioneer as outonome teken insoverre as wat die herhaalbaarheid en selfidentiteit van die geskiedenis veronderstel kan word. Teenstrydig genoeg is Bloemfontein in 'n *Ander Land* alreeds 'n bepaalde interpretasie van die geskiedenis. Dit is eers deur middel van interpretasie dat die illusie van geskiedenis geskep word. Bloemfontein interpreteer bepaalde kulturele vestigings- en oorlewingswyses. Dit is 'n versamelnaam vir bepaalde tiperende detail van plek, persone en tydvak wat eers in die vorm van beskrywing of vertelling en *via* die implisiete waarneming van 'n sentrale figuur teks word. Deur uiteenlopende kodes van waarneming, kultuurtipologie, ensovoorts, word iets soos “geskiedenis” leesbaar, net soos dit deur die historiese konnotasies van die naam “Bloemfontein” leesbaar gemaak word. Dit is met ander woorde eers as teksteke dat Bloemfontein sy aanspraak op representatiewe krag kan maak. Wat Bloemfontein representeer is egter nie die geskiedenis as feit nie, maar die *idee van geskiedenis*. Dit blyk uit die funksie van hierdie teken in die ontstaan van die parodistiese en polities relevante leeswyses hierbo aangedeken. Op die vlak van die fiktiewe aanbod is hierdie illusionêre representatiewe effek van “geskiedenis” nog duideliker.

Bloemfontein tekstualiseer dus “werklikheid” en “geskiedenis” en terselfdertyd “geskiedenis as werklikheid”. Poststrukuralistiese en dekonstruktivistiese kritiek op die konvensionele geskiedskrywing en diskoersekonomie het uitvoerig aangetoon dat die geskiedenis onherhaalbaar is, en meer spesifiek dat die idee van 'n geskiedenis neerkom op 'n poging tot oorstyging van die wesenlike afwesigheid en onbekendheid van die verlede. In 'n bespreking van die verband tussen Walter Benjamin en eietydse poststrukuralistiese kritiek merk S. Aronowitz die volgende oor Benjamin op:

He (d.i. Benjamin, MdJ) argues that the present gives rise to the past . . . Each generation employs the past and endows upon it . . . meaning in a sense that is different from what it's intentions were. Benjamin's position is that if the past gave rise to the future, if there were continuity between the past and the future, the intentions of the artists or the intentions of the bourgeoisie . . . would not carry forward in our understanding of the present. On the contrary, he argues that the past yields us nothing but traces. (Aronowitz, 1981: 308)

Volgens Aronowitz wys Benjamin daarop dat geskiedenis 'n differensiële proses is. Waar dit as herhaalbaarheid verskyn, verskyn dit gereduseer tot 'n a-historiese gegewe, 'n teken wat nie die werklike gegewe kan verteenwoordig nie. Omdat dit ook nie die “traces” van die verlede kan beteken nie, is “geskiedenis” letterlik 'n (ironiese) teken van die interpreteerbaarheid en werklikheid van die verlede.

As verstrengeling van vertelling, fiksie en representatiewe aanspraak is Bloemfontein in 'n *Ander Land* 'n fiktiewe tekstualiseringsmodus by uitstek.

Met Bloemfontein begin die verhaal *as verhaal*, as fiktiewe vanselfsprekendheid.

Wat die tekstualisering van 'n *Ander Land* sê, is dat die geskiedenis net deur die geskiedenis geïnterpreteer kan word, dit wil sê deur geskiedenis as optekende, interpreterende teenwoordigmaak van 'n afwesige verlede. Die fiksionele skryfproses soos dit in 'n *Ander Land* nagegaan kan word, begin egter nie by so 'n interpretasie nie, maar by 'n teken wat sy eie interpreterende of geïnterpreteerde aard verdoesel. Met hierdie imperialisme inherent aan die skryfproses is die subjektiwiteit van die skryfproses ook duidelik.

Volgens narratologiese konvensies kan vertelling in fiksie ontleed word om instansies soos implisiete spreker, fokalisator en ek-figure te onderskei. Hierdie strukturalistiese ontleding skep formules wat, terwyl hulle onderskeibare identiteite afbaken, dit juis moontlik maak om al die identiteite en funksies saam te lees. Dié onderskeidings (Bal, 1978; Genette, 1980) word hier gebruik om te demonstreer hoe tekstualisering self 'n soortgelyke procédé volg wat die fiktiewe illusie skep. Die volgende uittreksel dien as voorbeeld: (oorspronklike teks 14):

Hulle keer terug na die dorp waar die slingerende stofpaaie oor die veld in 'n klein knoop van strate, huise en bome bymekaarkom: kinders staan by 'n tuinhekkie, 'n man sit op 'n stoep, twee Swart vroue stap oor die plein met emmers op hulle koppe gebalanseer, en hulle is terug. Die rytuig hou stil voor 'n lae, pretensielose wit huis wat reg aan die straat gebou is, 'n kneg verskyn om die deurtjie oop te maak en hulle uit te help, en hulle het aangekom. Hy moet in die tuin gaan sit waar dit koel is, roep mevrou Hirsch Versluis nog toe voordat sy in die skemeragtigheid van die huis verdwyn, waar hy hoor hoe sy opgewek na bediendes of na kinders roep. Hy moet in die tuin kom sit en die koelte geniet, herhaal Hirsch, en lei hom na binne. In die halfdonker kan hy niks onderskei nie, maar skielik is hy bewus van lewe en beweging wat hom omring in die reeks aaneengeskakelde vertrekke wat hy nie kan uitmaak nie, van stemme en voetstappe, gelag, iemand wat sing en klavierspeel voordat 'n deur toegeklap word om die geluid te demp, die gekraak van vloerplanke, die geklik van hoë hakke en die geruis van rokke. (Schoeman, 1984: 35)

Die fokalisator is Versluis wat egter in die derdepersoon aangedui word. Dit is geen teenstrydigheid nie omdat die geheel "vertel" word. Vertelinstantie word as "implisiete spreker/outeur" aangedui. Die funksies van hierdie onderskeidings is om die vanselfsprekendheid van fiktiewe vertelling as sodanig uit te druk en benoembaar te maak. Tekstueel beskou, blyk dieselfde vanselfsprekendheid: die uittreksel is 'n fiktiewe aanbod en dit beteken dat die diskursiewe posisie of instansie van waaruit gepraat word by implikasie uitgeskakel is en nie bevraagteken word nie. Dat hier van 'n fiksioneel-konvensionele metafisika sprake kan wees, blyk eerstens daaruit dat 'n vertelinstantie wat eweneens by implikasie outonoom en vanaf 'n bepaalde punt praat, oorvleuel met 'n waarnemende fokalisasie, eweneens subjektief, wat na Versluis herlei word. Die mediërende funksie word deur die taal self verrig en is daarom dekonstrueerbaar. Tipologiserende, objektiewe en taalmatige data suggereer egter nie Versluis of sy werklike ervaring nie. Hulle suggereer

ervaring en subjektiwiteit as die kodes van waarneming. Die volgende tipe-rende en stiliserende data kan dus as tekstualiserende metafore gelees word: “slingerende stofpaaie”; “klein knoop van strate, huise, bome”; “twee swart vroue stap oor die plein”. In laasgenoemde geval wys stilisering dat die vreemdsoortige “swart” figure vir ’n buitestaander op die periferie van die waarneming bly. Tiperend – van die gesellige en joviale huislike atmosfeer en terselfdertyd van waarneming – is ook “hy (is) bewus van lewe en beweging . . . van stemme en voetstappe, gelag, iemand wat sing en klavierspeel . . .”. In hierdie aanhaling blyk hoe die mees persoonlike (“skielik is hy bewus”) deur stilisering en beriggewing oorgedra word. Die tekstualisering maak duidelik dat Versluis die fokalisator van ’n ander fokalisator is, en omgekeerd.

Die funksionele konvensie wat so ingeburger is dat ’n dekonstruerende ontleding daarvan byna kunsmatig aandoen, kan dus as metafiserende tekstualiseringsmeganisme gelees word. Dit produseer ’n metafoor – dié metafoor wat dit moontlik maak om fiksie as fiksie te lees.

In dié geval sê die tekstualisering van die boek wat die fiksie nie sê nie, naamlik dat dit ’n blote verhaal is. Die bespreking het tot dusver egter probeer aantoon dat fiksie nie bloot die “ander kant” van tekstualisering is nie, maar dat dit gestruktureer is om die eie “getekstualiseerdheid” te verbloem. Dit sê effektief van homself dat dit as fiksie gelees wil word. As fiktiewe dialektiek doen dit ’n beroep op die leser se interpreterende en hermeneutiese respek. Dit is dan egter respek nie vir ’n verhaal of ’n betekenis nie, maar in die eerste instansie vir die vermoë om konstrunkte vir die produksie van betekenis te ontwerp.

Die respek berus op ’n geloof in intersubjektiwiteit. Dit is nie die bedoeling van hierdie ontleding om so ’n geloof te kritiseer nie, maar wel om *lees as dissent* te motiveer. Dissentatiewe lees verwerp die intersubjektiewe veronderstellings van ’n literêre teks.

Die werk van hierdie intersubjektiwiteit kan met verwysing na die slot van *’n Ander Land* kortliks gedemonstreer word:

maar daar is geen rede vir angs nie, dink hy terwyl hy stadig en ongejaagd begin terugstap na die landauer, steunend op sy stok: daar is niks om te vrees nie. Die leegheid neem jou op en omsluit jou, nie meer vreemde groothede om van oor ’n afstand onbegrypend betrag te word nie; die onbekende land word vertrou en die deurganger onthou nie meer dat dit eens nog sy bedoeling was om verder te reis nie. Halwerweë op die pad ontdek jy effens verras dat die reis voltooi is, en die bestemming reeds bereik. (Schoeman, 1984: 313)

Om vir ’n oomblik op die teoretiese argument terug te gryp: subjektiwiteit in ’n stuk literatuur is gedefinieer as iets wat homself noodwendig deur middel *van* en as bemiddel *in* ’n *metafoor* uitdruk. Slegs met behulp van ’n metafoor kan dié soort betekenisvolheid of betekenistotalisasie (DeMan, 1979a: 60), tot stand kom. Van so ’n betekenisvolheid getuig die aanhaling hierbo. Dit is beriggewende vertelling met die konvensionele vorm van ’n indirekte innerlike monoloog. Die mees subjektiewe uitings is as geslote diskoers leesbaar

terwyl beide die spreker of verteller en die vertelde ervaring subjektiwiteit oordra as beriggewing: “daar is niks om te vrees nie”, “. . . die leegheid neem jou op en omsluit jou”, “halwerweë op die pad ontdek jy effens verras dat die reis voltooi is, en die bestemming reeds bereik.” Dié skyn van betekenisvervuldheid berus nie net op ’n subjektiwiteitskonvensie wat as leeskode ingespan kan word nie: so ’n konvensie moet ’n outomatiese kennis insluit dat geskrewe oordrag van “ervaring” *net ’n formaliteit* is. Dit moet die formaliteit as formaliteit lees.

Eers as formaliteite kan reëls soos die laasgenoemdes dié betekenis hê: *nie* ervaring nie, maar betekenisvervuldheid van die taal. Die betekenis van hierdie reëls bestaan dan uit (i) ’n aanspraak op of proposisie van betekenisvervuldheid en (ii) die implisiete terugbinding van betekenisvervuldheid op ’n diskoerssubjek.

Bostaande kort ontleding ontken dus dat literêre tekste bloot deur kodebeskrywing en -ontleding of deur dekodering geïnterpreteer kan word. Dit ontken interpretasie in soverre interpretasie bloot konsentreer op dit wat taalmatig gegee is.<sup>3</sup> Op elementêre vlak het die interpretasie-tradisie van literatuur die praktiese gevolg dat die interpreteerder vra: wat beteken dié woord? waarom rym hierdie twee woorde? as hierdie kode daardie kode se informasie verander, watter dieperliggende kode kan afgelei word? waarom is hierdie kode ’n ideologie? watter kennis kan ek aanhaal om te bewys dat dit ’n ideologie is? (of, dikwels die teenoorgestelde praktyk) watter semantiese, leksikale of ander konnotasies word tekstueel geaktiveer en wat sê dit (dié insigte van die leser) oor die teks? Om saam te vat: interpretasie neig gedurig om bloot homself as interpretasie te interpreteer. Om strukture of stelsels as definisies van ’n literêre teks aan te voer, beteken om ’n pre-interpretasie aan die teks op te lê. Myns insiens is die reëls hierbo aangehaal wesenlik oninterpreteerbaar, wat nie bots met die afleiding dat hulle betekenisvervul voorkom en as sodanig op die leser inwerk nie. As interpretasie pre-interpretierende praktyke wil voorkom, moet dit by ’n punt begin wat logieserwys sy werklike beginpunt is, naamlik die radikale onmoontlikheid en onvermoë om te interpreteer. So gesien kan ’n “naïewe” leser miskien wel beweer dat wat hy hier lees die gedagtes, ervaring, selfs die “syn” van Versluis is. Wat die naïewe leser doen, is om die diskursiewe raam en taalmatigheid van die woorde saam te lees. Hieruit blyk ’n merkwaardige leeskonvensie. By literêre lees word die taalmatigheid van woorde *spontaan* as afwesigheid begryp. Die gewone literêre leser lees dekonstruktivisties. Formaliteite of retoriese figure in die breedste sin van die woord word *spontaan* as betekenis begryp.

Die verwysing na De Man het gedien om die metafoer as verklaring vir so ’n afwesigheid wat betekenisvol werk te gebruik.

Om te praat moet ’n sprekende instansie homself, gelyktydig met sy uiting, as selfrefleksiewe, geslote “ek” ervaar. Psigotiese praat kan moontlik onder andere beskou word as pogings van ’n spreker om so ’n “ek” te word of te wees. In normale (in teenstelling met literêre of fiktiewe) diskoerse (enige kommunikatiewe uiting) of ’n groter struktuur van uitings (’n wetenskaplike, politieke of didaktiese diskoers) is hierdie “ek”-rol ’n gewaarborgde praatfunksie met spesifieke posisies, betekenisgrammatikas en interpretasiekodes.

Dié grammatikas en kodes het die effek dat hulle die vlot oordrag van betekenis waarborg, maar slegs in die mate waarin hulle aan die ek-spreker 'n rol oplê. Op sy beurt het die rolspel 'n verbloemende effek: dit hou die spreker vir die duur van die praat onbewus van enige distansie tussen homself en sy rol. Daarom kan, om 'n elementêre voorbeeld aan te haal, enige persoon sy *eie* dood bespreek. In fiktiewe literêre taal bly dié rol bewus. Die gevolg is dat die spreker ook daarvan bewus is dat hy vir die behoud van die bewustelike illusionêre identiteit deur 'n ander faktor gedra en gewaarborg moet word. Die post-Freudiaanse psigoanalise, die herinterpretasies van Oedipus en kastrasie en die post-Freudiaanse psigosemiotiek soos veral vervat in die werk van Kristeva laat hieroor 'n afleiding toe. Dit is dat die uiting self – die taalmatige formulering self – die identiteitswaarborg verskaf. Dit beteken dat die anonieme, outonome spreker van in 'n *Ander Land* nie van buite af sy uiting beheer en homself daarmee “uitdruk” nie. Wanneer hy “praat”, fiktief en literêr, is hy altyd alreeds opgeneem in 'n metafoor. Hy is altyd alreeds deel van 'n betekenisproduserende proses. Die term “diskursiewe metafoor” kan hierdie prosesualiteit aandui.

Met “rol” word nie 'n afwating van egtheid of 'n verlies van self aangedui nie, maar subjektiwiteit self as dit wat altyd, om hoegenaamd 'n self te wees, eers 'n rol moet wees. “Rol” dui die spanning aan tussen 'n self wat bloot vermoed word en die ek-moment waarin die subjek homself as “ek” kan beleef – selfrefleksief, 'n geslote en outonome bewussyn. Hierdie spanning is, soos bekend uit die psigosemiotiek en die werk van Lacan, nie hiërgies nie. Dit kan op geen stadium die “ek” bo die verlore self of bewussyn bo onderbewuste plaas nie ('n implikasie wat laasgenoemde terreine nie altyd konsekwent deurvoer nie). Dit is 'n *relasie*.

Met “diskursiewe metafoor” word geпоog om in die literêre skryfresultaat hierdie relasie *as relasie* te beskryf.

'n Diskoers wat as diskoers werk, maar waarby alle grammatikale diskoersvoorwaardes ontbreek, kan verklaar word as die uiting van 'n subjek wat 'n suiwer relasie is. Terwyl hy selfrefleksief funksioneer, weet hy dat sy selfrefleksiwiteit hom net binne 'n rol toegestaan is. Die tekssubjek is dus oënskynlik die teenoorgestelde van 'n ideologiese subjek. Hy het geen illusies oor die skyn van outonomie en selfbewussyn by al sy aktiwiteite nie. Vir die tekssubjek is die ideologiese aard van praat egter iets wat bewus ontgin kan word. Die taal verskaf aan hom 'n posisie vanwaar hy fiktief outonoom kan praat. Hy betree 'n voorbereide plek. Dié voorbereide plek is *nie sy eie subjektiewe outonomie nie*, maar outonomie as konvensie of as ideologie.

Die eietydse diskoersanalise en dieptesielkunde het aangedui dat die self 'n rol moet word om 'n “ek” en 'n selfreflekerende, outonome subjek te word. In fiksie verskyn die afhanklikheid in omgekeerde vorm: eers die rol, dan die geslote, maar suiwer formeel gefundeerde betekenis.

Die metafoor kan soos volg saamgevat word: waar daar 'n rol is, moet daar 'n speler wees en die speel van die rol. Die speel van die rol vereis 'n bewuste instelling daarop, 'n selfrefleksiewe instelling. Laasgenoemde word egter eers *in die rol self* duidelik. In die fiktiewe uiting speel 'n dialektiek tussen rolspel en selfverlies homself uit sonder dat die dialektiek op enige punt opgelos

word. Die fiktiewe tekstuele aanbod is die enigste oplossing, maar dis 'n oplossing wat bloot hierdie dialektiese spel self is, as proses. Dit is asof die literêre skryfproses die paradoks van sy afhanklikheid bewus uitspeel: ener syds word die besef uitgebuit dat die “ek” wat hier praat suiwer taal is en dat “ek” en “self” self woorde is (“ek” wat hier skryf is 'n blote fiksie); andersyds neig die skryfproses om dinamies die teendeel hiervan te bewys (“ek” wat hier skryf, is).

Ter illustrasie: hoewel die aangehaalde paragraaf uit die slot van 'n *Ander Land* volkome leesbaar, dit wil sê verstaanbaar is, kan dit eers as betekenis opgeneem word wanneer “subjektiewe ervaring” sáámgelees word. Dit is: van Versluis. Wanneer dit gebeur, word die verstaanbare en interpreteerbare taal heeltemal duister en bly die leser met wat De Man “the positing power of language” genoem het as 'n soort ironiese feit (De Man, 1979b: 62). Hierdie ironie kan verder omskryf word as die leser se konfrontasie met die feit dat “subjektiwiteit” 'n konstruksie is.

'n Ontleding van sogenaamde landskapbeskrywing in 'n *Ander Land* kan eweneens 'n diskoersmetafoor uitwys:

Die blare het geval en net enkeles bly nog aan die bome om die son te vang, die kaal takke gans in die lig. In die tuin is die paadjies gevee, die beddings leeg, en aan die onderent daarvan vertoon die saamgeskaarde wilge slegs nog 'n yl gloed langs die kronkelgang van die spruit. Gestroop van die beskutting van sy bome, sy vrugteboorde en blomtuine lê die dorp oopgevelek in die kilheid van die sonlig, 'n landskap van stof en sand en klip en ritselende droë gras, dor in die groot droogte, tussen die boë van kaal stamme en deur die vlegwerk van die takke word nuwe vergesigte vir die waarnemer oopgevou, van stapelklipmure en blaarloose boorde en priële, tussen ánder kaal stamme en vervlegte takke deur na die huise aan die ander kant van die dorp en sinkdakke wat flets die son weerkaats; en verder nog verby die lááste huise en skoorstene, die lááste winterbome, die lááste klipmure en slote en troostelose stofstraat, strek die veld uit. Daar is niks meer om sy uitsig hier van die stoep te belemmer nie: oor die dakke en skoorstene van die dorp kan hy uitkyk om te sien hoe die veld wegstrek na die heuwels van die noorde waar hulle donker in die skadu van die namiddagson teen die kleurlose lug uitstaan. (Schoeman, 1984: 305)

'n Blote semiotiese, strukturele of interpretatiewe ontleding van die uittreksel kan nie verklaar waarom daar in die eerste plek geïnterpreteer word nie. Tweedens sou so 'n lees op die vanselfsprekendheid van die aanbod af, sake soos die volgende moet ignoreer: die taal waarin geskryf word is Afrikaans; daar is 'n poëtiserende neiging (“... deur die vlegwerk van die takke word nuwe vergesigte vir die waarnemer oopgevou”; “. . . dor in die groot droogte”); daar is tipologisering wat 'n vertroutheid met die gegewe en 'n voorafherkenbaarheid daarvan by die leser veronderstel (“'n landskap van stof en sand en ritselende droë gras”, “klipmure en slote en 'n troostelose stofstraat”); die Afrikaansheid wat tipologisering soms kenmerk, dui nie Afrikaansheid as vertroutheid nie, maar vertroutheid en voorafherkenbaarheid self aan. As Versluis hierdie omgewing as “vreemde, afwysende land” ervaar, berus dit nie op die objektiwiteit van wat beskryf is en wat dus, volgens die



fiktiewe aanbod, dit is wat Versluis se ervaring uitmaak nie. 'n Fenomenologie van ervaring word geïmpliseer, maar deur die taalmatigheid van die beskrywing opgehef. Terwyl die taal dan, deur die uitbuiting en semiologiese ingrepe daarop, subjektiewe waarneming en ervaring (van Versluis, deur die derdepersoonsfokalisasie) moet impliseer, produseer dit paradoksaal genoeg subjektiwiteit as blote kode. Die subjektiwiteit is afleibaar en interpreteerbaar, maar eweredig daarmee afwesig. Hierdie soort afwesigheid is reeds ten oorvloede deur lesers soos Barthes en Derrida ontleed en dis byna oorbodig om die konsekwensie te herhaal – dat “betekenis”, te wete die fiktiewe aanbod, net nog leesbaar is indien 'n diskoerssubjek saamgelees word.

Wat dus hier deur die skryfproses gekodeer en vir interpretasie aangebied word, is vervreemding as subjektiewe perspektief. Dit word oorgedra deur dié vreemdheid aan die landskap self te koppel. In *'n Ander Land* is dit tekskonstitutief onmoontlik om te besluit of dit die “ander land” self is wat 'n vervreemdende effek het, en of vervreemding daarenteen eerstens Versluis se ervaring van die land is. Hierdie oor-en-weer teleskopering in die naam van ervaring is egter 'n kenmerk van die fenomenologiese bewuswording en betekeniskonstituering. Fenomenologie van die ervaring kan as een van die betekenisintegreerende metafore van die tekstualisering beskou word.

Hoe hierdie fenomenologie homself deur die tekstualisering voltrek, bly daaruit dat die landskap, om teks te word, eers perspektief van Versluis moet word. Om Versluis te word, moet dit egter eers opgeneem word in die skynopposisie fokalisasie/implisiete stem. Die beriggewing van die “landskap” moet leesbaar wees as die blik van Versluis.

Dat hierdie fenomenologiese kode die krag het om ervaring representatief te maak, kan verder geïllustreer word met verwysing na Lacan se teorie van die spieël stadium en die psigoanalise van die subjek-objek-verhouding. Die fenomenologiese ervaring benodig 'n bemiddelaar tussen die, vir die psigoanalise, oorspronklike vreemdheid tussen “ek”, liggaam en omgewing. Die spieëlingsteorie waarvolgens die “ek” homself as “ek” herken en daardeur 'n simbool van eenheid vir homself vind, is bekend. Lacan se teorie dui aan dat die “ek”-beeld oral waar dit herhaal word wesenlik 'n relasie is en nie 'n identiteit nie. Dit berus op 'n oorvleueling tussen die simboliese orde en die inherent imaginêre vermoë van die individu. Deur hierdie meganika kry die “ek” of enige objek waarmee die “ek” identifiseer (taalgebruik, waarneming, 'n ander persoon) 'n illusionêre metafisiese volledigheid en syn – illusionêr omdat dit op 'n relasie berus. In 'n samevatting van Lacan se tese oor taal en intersubjektiviteit maak Juliet MacCannell duidelik dat die relasie beteken dat “ek” en “ander” altyd alreeds bemiddel moet wees en deur 'n medium verbind moet word. Die medium – soos die spieël – skei terwyl dit verbind:

It is possible to imagine a kind of ‘first moment’ of language-in-speech. At this point it would function as a mediator, as a bridge between the arbitrary division, I/you, so that it becomes a kind of common ground, a commonplace, a way for two differentiated persons to ‘meet’ and agree on their common desire. But even the act (or pact) of ‘agreement’ on their common desire brings into play a thirdness, the notion that something else not only is between them (i.e. shared), but *comes* between them, divides them yet again here in the very spot where they

ought to be coming together. The *third* person is the conceptualisation – and the ironic inversion of – that which lies between the *I* and the *'you'*. It is no accident that only the third person is a gendered, and therefore definitely *identified* personal category. Here the shifting, the transitivity of the first two persons stops. This occurs as a result of the conceptualisation of 'I' as oneness. (MacCannell, 1986: 65-66)

Kommunikatiewe taal skep 'n illusionêr volledige "ek" wat referensieel, betekenisvol kan praat, maar wat in werklikheid 'n dubbele ironie is: dis 'n blote beeld of simbool van die "ek" en nie sy vervulling nie, en dis, tweedens, noodwendig 'n uitskakeling van die "jy" as ander. Beide – en die intersubjektiviteit – bestaan slegs in 'n relasie, uitgedruk en paraat gemaak in die taal en hulle is ter wille van die intersubjektiviteit en die instandhouding van die simboliese tot rolle of elemente van die relasie beperk.

As die "ander land" die medium tussen Versluis en sy omgewing is, die vorm waardeur hy homself as subjek van vervreemding kan ken en kan toe-eien, dan getuig dit van die wyse waarop die skryfproses metafore van selfsimbolisering en van, volgens Lacan, falliese selfidentiteit inspan.

Die betekenis-skeppende tekstualiseringsmeganismes kan met behulp van die psigosemiotiek ontleed word om 'n *ideologiese effek* aan te toon. Die dialektiek tussen kastrasie-angs en begeerte wat in Lacan se werk beklemtoon word, vind 'n parallel in die dialektiek tussen die "chora" en simboliese orde wat deur Kristeva geformaliseer is. Beide beskryf die *subjek-in-taal* as die verglydende moment wanneer die twee opponerende faktore 'n momentele spannende ewewig bereik (Kristeva, 1978: 35-42, 53-55).

Die ontleding van 'n *Ander Land* laat die afleiding toe dat die skryfproses daarvan bewus is dat hy volkome van die taalstelsel en van reeds-geskrewe betekenis afhanklik is juis op dié moment dat hy sy ingreep op grammatikas en kontekste uitvoer. Hoogs individualistiese en eksperimentalistiese skryfwerk is dikwels die beste voorbeelde van die uitbuiting van die afhanklikheid/identiteit-dialektiek (vgl. Deleuze, 1984). Volgens eietydse ontledings van ideologie en die diskursiewe subjek het ideologie onder meer die volgende strukturele eienskap: dit is 'n identifikasievorm wat 'n spreker die middele in die hand gee om so te praat dat hy 'n effektiewe spraakhandeling uitvoer, te wete as momenteel outonome spreker. Ideologie is 'n *model* vir selfrefleksiviteit of ook vir humanistiese subjektiviteit. Dié model het die vermoë om die spreker se onderworpenheid aan die grammatika wat hy moet manipuleer te verbloem (Althusser, 1984: 1-60; Pêcheux, 1982: 103-109; Foucault, 1972: 106-117). Representasie in 'n *Ander Land* kan daarom as "tekstuele ideologie" beskryf word.

Volgens Kristeva, Barthes en, vanuit 'n ander gesigspunt, ook volgens Riffaterre, kan tekstuele *semiosis* verklaar word met behulp van die dialektiek van afhanklikheid en outonomie. Dit verklaar egter ook hoe die semiosis gedekonstrueer kan word om dié figuur of metafoor aan te wys wat "betekenis" uitspel. So 'n dekonstruksie ontmasker die hiërargiserende momente in die semiotiese proses. 'n Hiërargiserende *reeks* kan die outonomie-afhanklikheid-verhouding uitspel. Uit Barthes se ontleding van *Sarrasine*

(Barthes, 1974) blyk dat die kode vir die man-vrou-onderskeid in die teks optree as 'n kode vir vaste seksuele identiteite. Die hiërgargie berus nie eerstens op 'n veronderstelde meerderwaardigheid, oorheersing of kragtigheid van die man nie. Dit berus op die *idee van identiteit as sodanig* wat die reeks opposisies “ek”/“ander”, “selfkonsep”/“interpreteerbaarheid” of ook “subjek”/“objek” (man/vrou maar ook vrou/man) in omloop bring. Met fatale gevolge soos lesers van S/Z uit Barthes se ontleding weet. Eweneens verduidelik Barthes by implikasie dat die hiërgargiserende moontlikheid *presies die posisie van die verteller Sarrasine is*. Dit is die punt waar die teks ontstaan.

Sulke hiërgargiserende momente in die tekstualiseringsproses self is ten opsigte van 'n *Ander Land* aangetoon in die verhoudings implisiete verteller/fokalisasie, geskiedenis/interpretasie, landskap/waarneming en taal/subjektiwiteit. In elke geval is hiërgargisering inherent aan die totstandkoming van 'n metafoor. Lacan-lesers is vertrouwd met die Lacaniaanse herduiding van metafoor as falliese en illusionêre moment van betekenisvervuldheid waarin die metonimiese verskuiwing van die ek in terme van die begeerde (ek, self of betekenisvervulling) ingebou is. Die metafoor kom net tot stand ten koste van 'n tydelike onderdrukking van die metonimiese, trouens, dit is hierdie onderdrukking self (Lacan, 1977: 155-159 o.a.; vgl. ook De Man, 1979a: 57-78).<sup>4</sup>

'n *Ander Land* is 'n geïsoleerde stelling. Die stelling bestaan uit die ontwerp van 'n ervaring. Die ervaring betrek 'n ironiese kulturele konfliktsituasie konnotatief: die Suid-Afrikaanse blankheid as vervreemding van Europa én van Afrika tegelykertyd. Om saam te vat: blankheid is 'n suiwer konstruk wat selfrefleksie en die interpreterende, singewende aktiwiteit wat daaruit voortspuit bemoontlik. Wat die boek deurgaans moet ontken om aan sy geïsoleerde stelling geldigheid te gee, is die volgende: blankheid word met homself as laaste en onoorbrugbare bestaansparadigma gekonfronteer; blankheid is dié modus van selfbesef, selfrefleksie en oriëntasie in die wêreld. Wat die boek moet ontken, is dat hierdie vanselfsprekendheid juis nie vanselfsprekend is nie. Blankheid kan ook beskou word as 'n sosiokulturele konstruk vir 'n bepaalde groep wie se groepsidentiteit in 'n situasie van bedreigtheid meer bewustelik ervaar word. Die selfkonsep “blankheid” kry dan 'n suiwer ekonomiese funksie: dit sentreer bedreigde of reeds verlore identiteit. Dit gee aan politiese, kulturele of selfs ook literêre aktiwiteit 'n kulturele *bewussynsentrum*. Dié bewussyn self fungeer as meganisme wat dit moontlik maak om binne 'n chaos van betekenisgrammatikas, 'n Babel van misplaaste uitleg, spreekbeurte en uitlegbeurte te skep.

Die bostaande ontleding van 'n *Ander Land* kan ten slotte soos volg saamgevat word: die tekstualisering gebruik *bewussyn* self as so 'n konstruk of meganisme, maar met die voorspelbare doel om bewussyn as laaste toevlugsoord én oergrond van die denke en die hervind van die self te beskryf.

Die tekstualiseringsproses van 'n *Ander Land* (nie die fiksie, die verhaal nie) kan as 'n klein fenomenologiese oefening in die ervaarbaarheid en benoeming van ervaring beskryf word. Ooreenkomstig die Husserliaanse

filosofiese fenomenologie moet 'n fenomenologiese reduksie toegepas word – in die geval van 'n stuk literêre produksie word dit toegepas op die hele wêreld van geproduseerde betekenis, diskursiewe waarhede, gesistematiseerde kennis en die konstante taalmatige informasie-universum waarin ons ons bevind. 'n *Ander Land* se informasie-universum is Suid-Afrikaans. Die vanselfsprekende taal is onvanselfsprekend Afrikaans; die outomatiese geskiedenis is 'n Afrikaanse historiese mite; die fiktiewe ruimte is 'n fiktief gerekonstrueerde Bloemfontein en die Vrystaat; die toevallige omgewing waarin 'n wesenlik universele ervaring homself sal uitspeel, is 'n herkenbare, tipeerbare Afrikaanse, post-koloniale kultuur. Die Suid-Afrikaanse is die medium waardeur 'n bewussyn homself verby alle kulturele en persoonlikheidsgrense kan vind in die vorm van 'n waarheid-as-ervaring. Die bewussyn “vind” homself op die suiwer on-dialektiese moment, los van historiese en kulturele toevallighede. Dit is ook die punt waarop die teks homself as boek, as geslote verhaal en outonome fiktiewe aanbod “vind”. 'n Boek soos 'n *Ander Land* is vir sy hele strukturering afhanklik van die ontkenning van sy eie dialektiese situasie, van die oorwinning van dié dialektiek. Dit is: die dialektiek met die toeval van 'n bepaalde taal, 'n bepaalde historiese moment waartydens die boek geskryf word en verskyn, 'n bepaalde historiese perspektief afhanklik van 'n bepaalde, tydsgebonde diskursiewe betekenisomgewing. Wat aanstoot gee in 'n *Ander Land* op die mees onmiddellike vlak, is simptomaties van wat op 'n dieper vlak dié aanstoot verklaar: dit sluit alle verwysing na die geweld, leuens, magsbanaliteit en onderdrukkingstrategie van die *hier en nou* uit. Dis die skrywer se goeie reg; dis dalk selfs die voorwaarde vir fiktiewe skryf. Dis bloot oppervlakkig aanstootlik. Die oppervlakkigheid wys egter heen na 'n dekonstrueerbare moment: die literatuur, *qua* bewussyn as teksmeganisme ingespan, kan waarhede produseer eweredig met die mate waarin dit sy eie dialektiese inbedding en afhanklikheid ontken. Outonomie is 'n verdoeseling van afhanklikheid, en nie 'n teken van selfstandigheid nie. Ek wil dit stel dat 'n *Ander Land* vir 'n Afrikaanse leserspubliek leesbaar is omdat dit 'n bewys is van die nóg durende geldigheid van subjektiewe, selfreferensiële of outonome interpretasie. As alles brand, bly dit, los van kulturele verwoesting en politiese identiteitsverlies nog staan – die kultuur oorwin die kultuur self as 'n bestaans- en denkvorm wat op bepaalde momente die produktiwiteit van bepaalde groepe kan dra en kan waarborg.

Daarom is dit juister om nie van aanstootlikheid te praat nie, maar van patos. 'n *Ander Land* dokumenteer 'n besef van verlorenheid. Versluis weet “instinktief” dat sy interpretasie van die “ander land” tekortsiet en dat hy daarom finaal op homself aangewese bly. Dat dié, in die teks onderdrukte insig ook die formule is vir doodsaanvaarding, is dubbelsinnig om die minste daarvan te sê.

'n Mens kan tot die volgende slotsom raak: wat by die lees van 'n *Ander Land* die mees vanselfsprekende en dus die mins opmerklieke is, naamlik die feit dat dit oor 'n subjektiewe ervaringswêreld handel, is juis vir sy bestaan as fiksie die mees opmerklieke. Ewe onbelangrik en vanselfsprekend is die feit dat politiese realiteite van townships, halssnoermoorde en politiese magspel uitgesluit bly van 'n nogtans sosiopolitiese teksperspektief. Wat 'n *Ander*

*Land* dan sê deur wat hy *doen* (nie deur wat hy as interpretasiemoontlikheid sê nie), is dat die geloof in self, die denke en kultuur kan bly voortbestaan en geldig is solank as wat die onmiddellike werklikheid uitgesluit bly. Vandaar – om te herhaal – die leesbaarheid van Schoeman se boek. Dit is wat die leser lees, terwyl hy gevra word om dit juis nié te lees nie. Dit is waarom hy dit dan tog gewaarword – as troos of, vir sommige lesers van nou, as ironiese gegewe wat die boek diskwalifiseer. Die boek diskwalifiseer homself vir laasgenoemde lesers omdat dit van homself sê dat metafore geldig is, dat sprekers outonoom kan praat en dat interpretasie ’n neutrale manier van omgang met die werklikheid is. Dit sê dat die “ander” kodeerbaar en dus beheerbaar is, al is dit in die laaste loopgraaf van die geïsoleerde subjek. Die heimat van innerlike ervaring is blywend ten spyte van die feit dat dit volkome vertaalbaar en herhaalbaar is; sekere kodes het universele krag hoewel hulle volkome afhanklik is van relatiewe veronderstellings oor die eenheid van die bewussyn, die outonomie van die subjek, en andere. Meer nog: die boek verduidelik self deurgaans as tekstualisering dat bewussyn en die subjek modi van geestelike oorlewing en selfbehoud is en, dus, materieel veranker en dialekties ingeskakel is.

’n *Ander Land* ontmasker onbewustelik die voorwaardes vir wat ’n mens ’n burgerlike skryfwyse sou kon noem. Gepaard daarmee onthul dit waarom so ’n skryfwyse vir sommige Suid-Afrikaners moontlik ongeldig geword het. Hoe skryf ’n blanke (Afrikaanse) skrywer in hierdie Suid-Afrikaanse wêreld as hy gevaar loop om met alles wat hy skryf bloot sy eie ervaring as sy eie ervaring *ad infinitum* te herhaal? Hoe skryf en lees as dit wat konvensioneel skryf- en leesbaar is, afhanklik is van ’n nie-bestaande liberaal-demokratiese sosio-ekonomie?

## Notas

1. In 1986 verower die boek die Hertzogprys vir prosa.
2. Vgl. bv. Macherey se Verne-ontleding in Macherey, 1978.
3. Volgens ’n seleksie van resensies en besprekings deur André P. Brink, Gerrit Olivier, J.M. Coetzee, L.S. Venter, Etienne Britz en andere lees resensies ’n *Ander Land* as fiksionele teken met aanspraak op betekenisinvolbaarheid by wyse van ’n interpretasie – as reis na en in Afrika, as lewensreis, doodsaanvaarding as lewensaanvaarding en andere. Polities relevante gevolgtrekkings en kommentaar bespreek die teks ook net op die vlak van die geldigheid van die fiksionele teken, en ontmasker m.i. daarin die feit dat ’n ander leeswyse noodsaaklik is. As J.M. Coetzee tot die slotsom kom “Thus at the social level the hiatus in the book is: dialogue with the African”, dan ontken dit die feit dat die tekstualisering van ’n *Ander Land* vir so ’n dialoog al klaar die diskursiewe voorwaardes neergelê het. Wat hier as implikasie van die fiksie afgelei word, kan net as interpretasie (van Coetzee) en nie deur die tekstualisering nie tot so ’n dialoog voer. Die teks, soos Coetzee self sê, “performs a *mimesis*, an imitation, of the movements of a philosophical quest.” In dié terme moet hy so ’n dialoog met die eintlike objek – Afrika – voer. Brink se kritiek op die eensydigheid van die Afrika-kode impliseer dat Afrika literêr kodeloos sou kon praat en bly dus nog duskant dekonstruktivistiese insigte. Die implikasie is dat die regte kodes – bv. dié van arbeid – ’n meer volledige

beeld van Afrika sou kon oproep en dat daar van 'n vlg. Brink se resensie gegewe "andersheid" van Afrika niks tereg kom nie. So geformuleer, bevestig die kritiek die geldigheid van fiksie *per se*, terwyl dit op 'n ander punt sou moes inset, nl. die teenstrydigheid van 'n tekstualiteit wat van homself sê dat die blanke ervaring van Afrika altyd net as blanke ervaring, in blanke taal en met verwysing nié na 'n "ander" wêreld nie, maar na sy eie geskryf kan word. Die "literatuur" kan nie hieruit 'n ontsnapping bied deur van tekeninhoude te verander nie. Vir Coetzee vgl. *The Cape Times*, 30.01.85, p. 10, vir die Brink-resensie; *Rapport*, 18.11.84 en 25.11.84.

4. Tot dusver is daar opsommend na Lacan, 1977 verwys.

## Verwysings

- Althusser, Louis. 1971. *Essays on ideology*. London: New Left Books.
- Aronowitz, Stanley. 1981. *The crisis in historical materialism*. South Hadley, Mass.: J.F. Bergin Publishers.
- Bal, Mieke. 1978. *De theorie van vertellen en verhalen: inleiding in de narratologie*. Muiderberg: Dirk Coutinho, 104-117.
- Barthes, Roland, 1974. *S/Z*. New York: Hill & Wang.
- De Man, Paul. 1979a. *Allegories of reading*. New Haven & London: Yale University Press.
- De Man, Paul. 1979b. "Shelley disfigured" in Bloom, Harold et al. *Deconstruction and criticism*. London & Henley: Routledge & Kegan Paul.
- Deleuze, Gilles & Guattari, Felix. 1977. *Anti-Ödipus. Kapitalismus und Schizophrenie*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. Oorspronklike titel *L'Anti-Oedipe*. Vertaling Bernd Schwibs.
- Deleuze, Gilles & Guattari, Felix. 1984. "Für eine kleine Literatur" in Fellinger, Raimund (red.): *Edition Suhrkamp. Ein Lesebuch*. Frankfurt am Main: Suhrkamp, 503-525. Vertaling Burkhardt Kroeber.
- Derrida, Jacques. 1979. *Die Stimme und das Phänomen*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. Oorspronklike titel *La voix et le phénomène*. Vertaling Jochen Hörisch.
- Foucault, Michel. 1971. *Die Ordnung der Dinge*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. Oorspronklike titel *Les mots et les choses*. Vertaling Ulrich Köppen.
- Foucault, Michel. 1973. *Archäologie des Wissens*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. Oorspronklike titel *L'archéologie du savoir*. Vertaling Ulrich Köppen.
- Genette, Gerard. 1980. *Narrative discourse*. Oxford: Basil Blackwell.
- Kristeva, Julia. 1978. *Die Revolution der poetischen Sprache*. Frankfurt am Main: Suhrkamp. Oorspronklike titel *La révolution du langage poétique*. Vertaling Reinold Werner.
- Lacan, Jacques. 1977. *Écrits. A Selection*. London: Tavistock.
- MacCannell, Juliet Flower. 1986. *Figuring Lacan. Criticism and the cultural unconscious*. London & Sydney: Croom Helm.
- Macherey, Pierre. 1978. *A theory of literary production*. London & Henley: Routledge & Kegan Paul.
- Pêcheux, Michel. 1982. *Language, semantics and ideology. Stating the obvious*. London & Basingstoke: The Macmillan Press.
- Schoeman, Karel. 1984. *'n Ander land*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.